NOTULE VAN ’N BUITENGEWONE SINODE VAN DIE NG KERK WES-TRANSVAAL IN SITTING BY DIE TUISTE VAN DIE SINODE TE NG KERK HELIKONPARK IN RANDFONTEIN OP 7 MEI 2015 OM 9:00

SESSIE 1

1. REGISTRASIE EN VERVERSINGS
Al die Streke se afgevaardigdes registreer by die vier verskille registrasiepunte.

2. SAMESANG
Ds Nico van Rensburg verwelkom al die afgevaardigdes. Die vergadering sing ‘n keurspel van lofliedere.

3. OPENING
Ds Nico van Rensburg lees uit Lukas 24 en vra dat ons vandag ook as God se “*meteens”*-dae sal sien.
Die vergadering sing as gebed Lied 421.

4. KONSTITUERING (Art 33)
Die assistent Skriba ds. Gerhard Jansen van Rensburg neem die konstituering waar. Daar is **272** afgevaardigdes teenwoordig. Presensielys aangeheg as **BYLAAG A**. Die vergadering word wettig gekonstitueerd verklaar. (Art 33.1)

- **Sittingstye van die Sinode**

Ds Norma Rossouw bedank almal vir hulle teenwoordigheid en goedkeuring vir die Sittingstye.
GOEDGEKEUR.

5. TWEEDE STEMMING VIR AFGEVAARDIGDE PREDIKANTE NA DIE ALGEMENE SINODE OKTOBER 2015
Ds Hannes de Kock hou aan die vergadering voor wat die Kerkorde bepaal [Bepaling 38].
’n Bode word by elke tafel aangewys.
Die vergadering stem per geslote stembrief vir die name wat uitgedeel is. Uit elkeen van die 4 streke word een predikant afgevaardig na die Algemene Sinode.

6. ENKELE MEDEDELINGS OOR FONDSE VAN DIE SINODE

Ds Johan Brink hanteer die Verslag/ stand van die fondse
Die volgende punte word hanteer

5.1. Vir die eerste keer in 8 jaar is daar ’n positiewe bankbalans	**KENNIS GENEEM**
5.2. Spesiale woord van dank aan Gemeentes wat bydrae	**KENNIS GENEEM**
5.3. Ons is bewus dat baie gemeentes swaarkry.	**KENNIS GENEEM**
5.4. Beplanning vir die toekoms	**KENNIS GENEEM**
5.5. Samevatting van die Begroting 2014-2015.	**KENNIS GENEEM**

VERWELKOMING AAN AFGEVAARDIGDE VAN DIE ALGEMENE SINODE
Dr. Kobus Gerber word verwelkom by die vergadering as verteenwoordiger van die Algemene Sinode.

7. VOORGESTELDE NUWE ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

7.1 UITSLAG KERKRAADSTEMMING
Dr. Hannes de Kock hanteer die uitslag van die Gemeentes:
Al 134 gemeentes in die Sinode se stemme is teruggekry. Hiervan het 133 Gemeentes gestem. Slegs een gemeente het nie gestem nie. Die uitslag is as volg:
33 Gemeentes het **JA** gestem (24.62%)
100 Gemeentes het **NEE** gestem (75.38%)

7.2 PUNTE OORGESTAAN VANAF OKTOBER 2014

Ds Nico van Rensburg gee enkele riglyne waarna hy die voorstel voorhou.

VOORSTEL
Aanbeveling:
Die Sinode van die NG Kerk in Wes-Transvaal neem graag op die volgende voorwaardes, soos reeds deur hierdie sinode sedert 1998 vasgestel, die aanbeveling van die Algemene Sinode insake 'n nuwe Artikel 1 ter tafel.

Die Sinode en haar gemeentes wil hulself ondubbelsinnig uitspreek oor die opname van die belydenis van Belhar in die NG Kerk se Belydenis. 'n Bykomende geslote stemming oor die status van Belhar deur Kerkrade word aanbeveel.

5.2 Die sinode en haar gemeentes onderskryf die ruim-huis beginsel oor meer as net die Belydenis van Belhar sodat ons sonder twis mekaar kan bly vashou al verskil ons. **GOEDGEKEUR**

5.3 Die sinode wil eintlik die hele proses in die lig van die ruim-huis beginsel waaruit ons leef dus sonder moontlike stryd aanpak. **GOEDGEKEUR**

Intussen versoek die sinode van Wes-Transvaal die ASM om te begin met 'n dinamiese proses om ons NG Kerk familie te laat deel in die ruim-huis beginsel soos vervat in die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die Kerkorde.

Die sinode neem met dank kennis dat die Algemene Sinode reeds beskrywingspunte van Wes-Transvaal aanvaar het rondom:

Geen sonsondergangs klousule ten opsigte van Belhar nie.

Geen gedwonge ondertekening van enige lidmaat of amp nie.

Ruimte vir eie sinodes en ringe naas 'n moontlike organiese kerkeenheid.

VOORSTELLER: Ds NWJ van Rensburg
SEKONDANT: Ds F Hansen

PUNT VAN ORDE
Ds. Jannie Pelser stel 'n Punt van Orde in teen bogenoemde Voorstel. Dit word nie gehandhaaf nie.

7.3 BESPREKING MET DIE OOG OP DIE FINALE STEMMING
Daar is geleentheid vir spreekbeurte. Elke spreker kry 3 minute per spreekbeurt.

7.4 FINALE STEMMING
Die vergadering stem per geslote amptelike stembrief.

PERSONEEL: Du Toit Laubscher van Oberholzer verlaat die vergadering met verskoning om 10:35.

8. NOENONTBYT
- Tafelgebed word deur ds. Gerhard Jansen van Rensburg gedoen.
- Streekleiers- en Skribas vergader met Dagbestuur in die Raadsaal.

VERGADERING VERDAAG OM 10:30 VIR ONTBYT

VERGADERING HERVAT WEER OM 11:30

SESSIE 2

Die Vergadering begin die sessie deur Lied 280:1-3 saam te sing
Ds Norma Rossouw verwelkom die verslaggewer van die BEELD-dagblad en vir Ds Johan Peyper van die Bybelgenootskap.

9. UITSLAG STEMMING ARTIKEL 1

Dr. Hannes de Kock maak die uitslae van die stembriewe bekend. Die uitslae is as volg:

Daar is 272 stembriewe (waarvan 1 ’n bedorwe stembrief is)

116 afgevaardigdes het **JA** gestem	(42.64%)
155 afgevaardigdes het **NEE** gestem	(57.36%)

Ds. Piet Stofberg word voorgestel en verkies as nuwe lid van die SKDB. **GOEDGEKEUR**

PERSONEEL: Ds. Johan du Plooy van Meyertonpark verlaat die vergadering met verskoning om 12:00. Ds. Louis Venter en oudl.Hannes Otto van Ottosdal-Suid verlaat die vergadering met verskoning om 12:45.

10. PROFETIESE ROEPING VAN DIE KERK IN ’N TYD SOOS HIERDIE

Dr. Andries Kritzinger lei die Sessie in. Aangeheg as **BYLAAG B.**
Daar word by die tafels geleentheid gegee om saam te praat oor die volgende vrae:

Vraag 1:
Watse soort Kerk het die land en die wêreld waarin ons leef, nou nodig?
Vraag 2:
Wat is nou die Here se bedoeling met Sy Kerk?
Vraag 3:
Bespreking van die Ope Brief soos opgestel deur Ds Jannie Pelser:

Wes Transvaal se profetiese roeping
Ope brief aan Sinode van Wes Transvaal

Die NGK lê my na aan die hart. Ek is lief vir sy teologie, mense en hart.
Ek het hier begin en sal hier klaarmaak. Hierdie vertrekpunt moet u asseblief nie uit die oog verloor as u verder lees nie.

Een van die sake op die agenda van die buitegewone Wes Transvaal Sinode sitting van 7 Mei is die profetiese roeping van die NG kerk in Wes Transvaal. Vergun my in alle nederigheid ’n paar opmerkings in die verband.

Enersyds is ek verheug dat ons tyd gaan afstaan aan hierdie uiters belangrike onderwerp. Naas ons priesterlike bewoënheid is die aankondiging van die heil ononderhandelbaar. Die Kerk se primêre verantwoordelikheid is om na deeglike en verantwoordbare geloofsonderskeiding te verkondig: “So sê die Here”.

Dit is geen geringe taak nie en een waarvoor ’n mens huiwer. Dit neem egter nie ons verantwoordelikheid weg om vreesloos en solidêr krities die norme van God se Woord voor te hou nie.

Die gevaar is seker groot dat ons terwille van politieke korrektheid nie God se perspektief op die werklikheid met vrymoedigheid verkondig nie. Gehoorsaamheid kan ons dikwels kritiek en onguns op die hals haal.

’n Profetiese roeping, om geloofwaardig te wees, vra na integriteit in eie kring. Dit vra dat wie ook al dit voorhou self die pad loop. Ons profetiese roeping kan seker met die liefdesgebod opgesom word. Paulus vat die gebod raak as hy skryf “ Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie” Rom. 13:10.

In die lig van bostaande wil ek in alle beskeidenheid vra of die Sinode van Wes Transvaal wel oor haar profetiese roeping kan besin. Trouens, dit wil voorkom of die kerk in geheel hiermee ’n probleem kan hê.

Sal iemand ons glo as ons selfs na jare se gestoei versand het rondom die belydenis van Belhar? Is Belhar nie juis die toetssteen van ons geloofwaardigheid nie, ’n toets wat ons na alle waarskynlikheid nie gaan slaag nie.

In Augustus 2006 het die gesamentlike leierskap van die familie van NG Kerke hul “in 'n verbondsverbintenis verbind tot die hereniging van die familie kerke. Dit teen die agtergrond van verskeie “bakens” wat die Belydenis van Belhar (1986) insluit.

Hulle verklaar onder andere “Die kerk se roeping tot diens en getuienis in eenheid vloei voort uit die wese van die Drie-enige God. Die diepste wese van God word gekenmerk deur verbond, uitreik, selfopenbaring, wederkerigheid, verhouding, eenheid - God is liefde en deernis (Deus caritas est), immer soekend na gemeenskap”
www.ngkerk.org.za/documents/roepingbylaes.doc

Toegegee, die opsionaliteit van die belydenis is reeds ŉ probleem. As dit meriete het moet dit gesag hê vir almal. Maar is dit die rede waarom Belhar negatief ontvang word in eie kring?

Ek huiwer en wonder of ons gebrek aan liefde vir ander, ons onvermoë om die tweede myl te stap, ons worsteling om risiko’s te neem, ons gebrek aan relevansie en aktualiteit, ens. ons nie stelselmatig uitrangeer tot ŉ rantverskynsel in Suid Afrika nie.

Eersdaags sal ons weer deel hê aan ŉ sinode wat nie verteenwoordigend is van Suid Afrikaanse realiteite nie. Ons sal besluite maak oor mense wat nie daar is nie. Ons sal beslis wat vir ander goed is maar hul nie insluit in die dialoog nie. Die besprekings rondom tafels sal soos in die verlede ver van die reënboog realiteit van ons land en kerk wees.

...en ons besin oor ons profetiese roeping?

Dis ontstellend hoe baie mense in gesprek die NGK reeds begrawe het.

Ek pleit by Wes Transvaal se sinode... dink aan die eer van God en die geloofwaardigheid van sy kerk. Dink aan ons kinders en hierdie land se toekoms. Sal die kerk waarin hulle grootgeword het nog ŉ geestelike tuiste bied in die afsienbare toekoms?
"Ek druk dit julle op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. Lê julle toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal en in almal woon." (Ef. 4:1-6)

Ds. Norma Rossouw wens Ds Anton Mocke geluk met sy verjaarsdag.

10.1 VROEë KINDERONTWIKKELING

Ds Anton Mocke lewer verslag.
Daar gaan ’n werkswinkel wees op 21 Oktober in Klerksdorp.

11. MIDDAGETE

- Streke vergader vir reëlings van Streeksbyeenkomste

Potch-Kosh	Dinsdag, 26 Mei 2015	NG Kerk Wilkruin	10:00
Wesrand	Maandag, 1 Junie 2015	NG Kerk Suiderlig	19:00
Platteland	Dinsdag, 9 Junie 2015	NG Kerk Biesiesvlei	10:00
Vaaldriehoek	Woensdag, 29 Julie 2015	NG Kerk Lux Deo (Arconpark-kampus)	09:00

UITSLAG VAN DIE PREDIKANTE WAT AFGEVAARDIG IS NA DIE ALGEMENE SINODE:

Wesrand:
Dr. Henk Gous as primarius met ds. Jannie Pelser as eerste sekundus en as dr.Gert Cordier tweede sekundus.

Platteland:
Dr. Grant du Plessis as primarius met ds. Ben Botha as eerste sekundus en as tweede sekundus ds. Coert du Busson.

Potch-Kosh:
Ds. Alewyn Burger as primarius met ds. Johan Raubenheimer as eerste primarius en ds. Fanus Hansen as tweede sekundus.

Vaaldriehoek:

Ds. Cobus Niemand as primarius met dr. Sarel Marais as eerste sekundus en ds. Neels de Jager as tweede sekundus

VERGADERING VERDAAG OM 13:30 VIR TEE-TYD

VERGADERING HERVAT WEER OM 14:15

PERSONEEL: Johann Lombard van Sannieshof verlaat die vergadering met verskoning om 14:00. Ds. Kenneth McKenzie, Sumari Redelinghuys en ds. Neels Kloppers van Muldersdrift verlaat die vergadering met verskoning om 14:00.

12. BEDANKINGS

Ds. Johan Brink doen die volgende bedankings:

- Vir elkeen in die vergadering
- Vir ds. Nico van Rensburg en Helikonpark-gemeente vir die infrastruktuur
- Vir ds. Gerhard Jansen van Rensburg en sy span vir die Notule.
- Vir dr. Hannes de Kock en sy span vir die Kerkorde.
- Vir ds. Norma Rossouw wat die Sinode met haar gawes dien.

Ds. Norma bedank die volle SBK vir die Agenda vir die dag.

13. ONS VIER WAARMEE DIE HERE IN DIE NG KERK BESIG IS

13.1 IN ONS GEMEENTE EN SINODE

Elkeen kry die geleentheid om stories van Hoop in hulle eie Gemeentes/Ringe neer te skryf.

13.2 AFSLUITINGSBOODSKAP MET NAGMAAL

Die vergadering sing *Abba Vader*, en *Strome van seën van bowe*

Ds. Norma Rossouw lees Jesaja 43
'n Windpomp is 'n teken van Hoop. Hy staan bo water, daar moet net wind oor hom waai. Die Kerk is die hoop van die toekoms en kan 'n verskil maak.

Ds. Norma sluit af met gebed en die vergadering sing *Gees van God wat in my woon.*

Goedgekeur op _____

_____	_____
Voorsitter	Skriba
Ds. Norma Rossouw	Ds. Nico van Rensburg